word, is dit veral gemeenskappe (4), sosio-ekonomiese geskiedenis (3), sosiale geskiedenis alleen (2), ekonomiese geskiedenis alleen (2), demografiese tendense (2), plaaslike dienste, bestuur en groei (2), geografie (1) en kultuurgeskiedenis (1) wat onder die soeklig kom (kategorieë 4-5). 'n Leemte bestaan beslis ten opsigte van agrariese (landbou-) geskiedenis, sekere aspekte van plaaslike en streekadministrasie en kommunikasie. Wat betref metodologiese en teoretiese fasette van stedelike en streekgeskiedenis, bestaan ook geen studie nie. Die drie projekte in stedelike en streekontwikkeling, bestuur en administrasie, wat op 'n wyer, provinsiale en nasionale vlak onderneem word, is ingesluit omdat dit vir stedelike en streekhistoriese navorsing van groot waarde is.

'n Gebiedsindeling van die 38 projekte bring die volgende aan die lig: Kaapprovinsie (19), Transvaal (8), Natal (8), Vrystaat (1) en RSA (2).

Samevattend blyk dit dus dat stedelike en streekgeskiedenis as sodanig nie meer 'n verwaarloosde terrein is nie. Dit geld egter slegs ten opsigte van sekere aspekte en veral sekere gebiede. So word byvoorbeeld in dertien van die 28 streke — volgens die Afdeling Streekgeskiedenis se streekindeling — geen studie onderneem nie.[4] ■

4. Die 38 projekte wat hier ter sprake is, is slegs navorsing wat uit die vermelde bronne geïdentifiseer is en nie alle stedelike en streek-historiese navorsing wat in die RSA onderneem word nie. By die Afdeling Streekgeskiedenis word byvoorbeeld streekstudies oor die Noordoos-Vrystaat, Noordwes-Transvaal, Zoeloeland en Noord-Kaapland gedoen.

# BOEKBESPREKINGS BOOK REVIEWS

C.S. KOTZÉ, *Doornkloof-wêreld* . . . Ned. Geref. Kerk: Doornkloof, 1983. 215 pp. Geïllustreerd. R12,00.

Wanneer die streekhistorikus 'n nuwe studie aanpak, gebeur dit dikwels dat die enigste bestaande sekondêre bron oor 'n gemeenskap 'n geleentheidspublikasie van die kerk is. Dit kan dan gewoonlik met vrug gebruik word. Met die eerste oogopslag mag dit miskien lyk of hierdie werk eksklusief vir die Ned. Geref. gemeente van Doornkloof bedoel is, maar dit is stellig veel meer. Behalwe die gemeentegeskiedenis is dit veral die interessante en unieke voorgeskiedenis van die gebied wat behandel word en eweneens vir navorsers van waarde sal wees.

Die gebied wat in *Doornkloof-wêreld* beskryf word, is die produk van 'n bevolkingsontploffing en snelle stedelike groei in die Verwoerdburggebied suid van Pretoria; tog is dit ook 'n amperse kontrasterende wêreld: een gedeelte die moderne dorp Doringkloof en die ander die byna eeu-oue, geskiedkundige Irene, wat albei die afgelope dekade uit hulle nate gebars het.

Die boek val in nege hoofstukke uiteen en die outeur begin met 'n insiggewende topografiese oorsig in hoofstuk I. Daarna volg die geskiedenis voor Blanke-besetting in hoofstuk II waarin die wel en weë van die Nie-Blanke volke onder die soeklig kom en wat met die vestiging van die eerste Blanke pioniers eindig. Deur egter te swaar te steun op die werk van Peter Becker oor Mzilikazi, begaan dr. Kotzé die fout deur te beweer dat Andries Waterboer die *Batlokwa* in 1823 by Dithakong verslaan het (p.9). Intensiewe navorsing deur onder andere M. How en E. Smith het aangetoon dat dit inderwaarheid die ***Phuting, Hlakwane*** en ***Fokeng*** was wat hulle rieme teen die Griekwas styfgeloop het. Ook die stelling dat *duisende Griekwas* van Barend Barends in 1831 deur Mzilikazi se krygers gedood is (p. 12), is foutief — dit was volgens Kent Rasmussen nie eers 1 000 nie.

Die Erasmus-familie, wie se naam vandag nog in verskeie plekname in en om Pretoria voortleef, was ware pioniers in die oopstelling van Doornkloof. Die loopbane van D.E. en D.J.E. Erasmus en die betrokkenheid van hierdie familie op bykans elke lewensterrein oor 'n tydperk van ongeveer 70 jaar word dan verder in hoofstuk III verhaal. Die outeur verwar egter vir sir Harry Smith met kapt. T.C. Smith (p. 25).

In hoofstukke IV en VI word twee merkwaardige en charismatiese persone wat deeglik hulle stempel op Doornkloof afgedruk het, op lewendige wyse uitgebeeld: die een 'n sakeman en nyweraar, die persoonlike vriend van Paul Kruger, Alois Hugo Nellmapius, en die ander 'n staats- en krygsman, Jan Christiaan Smuts. Dié twee hoofstukke word verbind deur hoofstuk V oor die Irene-konsentrasiekamp — 'n aangrypende relaas oor 'n sombere tydperk. Hoofstuk VII, "Irene-Doringkloof en sy mense", fokus voorts nie net op verdere lewensketse en bydraes van ander vooraanstaande inwoners soos J.A. van der Byl en E.G. en Mabel Jansen nie, maar sny ook by die dorpsontwikkeling aan. Irene het sedert sy stigting in 1902 die tuiste van verskeie bekende instansies geword; ontwikkeling was egter stadig totdat Doringkloof in 1970 geproklameer is en die gemeentegeskiedenis ook 'n aanvang neem.

Die laaste twee hoofstukke word aan die Ned. Geref. gemeente Doornkloof gewy: afstigting (1973), kerklike organisasie en groei, die leraars en kerklike eiendom word behandel. Die voornemende eienaarbouer kan gerus by hierdie kerkraad kers opsteek: deur die bouwerk aan die kerkkompleks self te onderneem, is R75 000 bespaar! Laastens word gemeentebedrywighede soos evangelisasie, sending, vroueaksie en jeugwerk onder die loep geneem.

'n Betreklik volledige bronnelys verskyn agter in die werk en 'n bruikbare register van persoonsname rond 'n fisies aantreklike publikasie af. Ongelukkig word geen voetnote gebruik nie en bronneverwysings in die teks is ook skraps, wat die leser soms laat wonder waar die inligting bekom is. Die tipografie is goed — slegs enkele taalfoute en verskrywings kom voor, onder meer *Pleistocene* (p. 6), *Ketsjwayo* (p. 36) en *daart* (p. 166).

Hoewel die skrywer soms té gedetailleerde beskrywings gebruik (waardeur die verband met *Doornkloof-wêreld* vervaag) en ten opsigte van die chronologie rondspring, kan die hele gemeenskap van Doringkloof en Irene trots wees op dr. Kotzé se pennevrug. Verder sal navorsers oor dié gebied die werk beswaarlik kan ignoreer.

*P.H.R. SNYMAN*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

C. SAUNDERS, H. PHILLIPS, E. VAN HEYNINGEN and V. BICKFORD-SMITH (Eds.) *Studies in the history of Cape Town.* Vol 5 (ISBN 0 7992 0568 0). History Department, in association with the Centre for African Studies, University of Cape Town, 1984.

The papers included in this collection were delivered at the fourth workshop on the history of greater Cape Town, held at the University of Cape Town on 3 and 4 June 1983.

Dealing with diverse topics they are nevertheless in the realm of urban history. The first two concern Islam: Robert Shell investigates the reasons for conversion to Islam during the period 1808-1915. He makes use of the censuses of 1841, 1854, 1865, 1875, 1891 and 1904 and analyses the remarks and contemporary observations of travellers, missionaries, administrators and participants to show the nature of the growth and the geographical distribution of Islam. He makes the point that it was an urban religion and comprehensively discusses how conversion to Islam took place mentioning slavery, adoption, education, marriage and the last rites which makes for an interesting an perceptive insight into why the number of Islamic conversions was so high. He concludes that Islam filled the social and legal gap which slavery at the Cape at first consigned slaves to and where the Christian rites of baptism, marriage and internment were denied them. There is an extensive bibliography and source list and Shell seems to have made comprehensive use of existing records from the period.

Achmat Davids briefly traces the history of the smallpox outbreaks of nineteenth century Cape Town and analyses the Cape Muslims' reactions to them which were based on the fact that they were not prepared to give up the privilege of freedom of religion without a struggle. It was only during the 1882 epidemic, by which time they had a fair degree of political strength and the ability to articulate their grievances, that their protest against the health policy of the Cape Town municipality became militant. Davids traces this militancy through their rejection of vaccination, hospitalisation, and quarantine, and sets out the religious reasons for their opposition. He also discusses spiritual medicinal prescriptions and details the municipality's attempts to control the cemetaries and hence their burial practices. He concludes that though the "Malay Revolt" against the early nineteenth century smallpox epidemics was purely a religious revolt, it nevertheless focussed attention on the Muslims' political and social disadvantages in the society of Cape Town. Davids illustrates his points with quotes from newspapers and magazines of the period especially ***The Lantern*** and has produced an interesting and fairly detailed article from the point of view of the Malays while at the same time being sympathetic and understanding of their plight.

In the third paper Elizabeth van Heyningen presents a different aspect of Cape Town health matters. She concentrates on venereal diseases and the measures taken from 1868-1902 to control prostitution. The first part deals largely with the Contagious Diseases Act of 1868, the support for, opposition against and effects of this act. She also goes on to discuss the changing composition of the prostitutes as the century progresses and traces the influence of the Hugenot Seminary at Wellington, the Vrouesendingbond and the Women's Christian Temperance Union (WCTU) on the rescue work of prostitutes. This study also sheds light on the life of the labouring classes and opens up the usually hidden aspect of prostitution in society. She also reveals the role played by the reform movement and